

# Handleiding vir gesprek

## DIE KWESBAARHEID VAN KLEIN GEMEENTES

### 'n Handleiding vir gesprek

Die lot van klein gemeentes word meermale in terme van 'n krisis beskryf en wel as 'n oorlewingstryd. Soms word die term vasgelooptheid gebruik om sulke gemeentes mee te beskryf. Dit het waarskynlik daarmee te doen dat ons 'n geïdealiseerde beeld het van hoe gemeentes behoort te lyk en funksioneer. Hierdie geïdealiseerde beeld word meermale gevorm vanuit groot gemeentes met veelvuldige programme wat diversifiseer om almal se behoeftes aan te spreek. Indien die norm die die groot gemeente of voorstedelike bedieningstyl is, het klein gemeentes inderdaad 'n krisis. Indien die norm vir bediening een predikant per gemeente is, het klein gemeentes in baie gevalle 'n onoorkomelike probleem.

Salarisverpligtinge asook die onderhoud van die kerkgebou en pastorie skep haas onoorkomelike uitdagings. Ons sal ander maatstawwe en bedieningstyle vir klein gemeentes moet skep.

Klein gemeentes sal moet besef:

- Getalle bepaal nie die sukses van gemeentes nie
- Kerk-wees sentreer nie rondom predikante nie
- Die rol van die predikant gaan verander
- Lidmate sal sterker verantwoordelikheid moet neem vir die bediening
- Programme bepaal nie gemeentes se sukses nie, maar die vermoë om betekenisvolle

verhoudings te koester.

## **Bedieningsproblematiek**

Die voortdurende stryd om oorlewing het 'n negatiewe impak op die predikant en die bedieningspatroon. Daarom het predikante in klein gemeentes ondersteuning nodig op spirituele gebied, sowel as bedieningspatrone in die praktyk. Klein gemeentes sukkel dikwels om *'n impak in die gemeenskap* te maak, aangesien die *bedieningspatroon slegs na binne gerig* is.

### **Riglyne vir gesprekke**

Een van die kenmerke van familie-groottegemeentes is dat hulle solank as wat dit moontlik is onafhanklik wil bly en is daarom gladnie bereidwillig is om met ander gemeentes saam te werk nie. Hulle trots en strewe tot selfbeskikking staan dikwels in die pad van oop en eerlike gesprekke met die oog op alternatiewe vir 'n voltydse predikant. Dit blyk dikwels dat gemeentes eers bereid is om na alternatiewe bedieningsmodelle te kyk wanneer hulle nie meer finansieel kan oorleef nie. Dit is asof die realiteit van moontlike ondergang die laaste uitweg open.

Dit wil voorkom of daar 'n leemte ontstaan het by kerkrade en ringsdiensrade om gemeentes in die proses van bedieningsvaardighede te begelei. Dit het daartoe gelei dat daar 'n behoefte ontstaan het aan praktiese uitvoerbare riglyne vir visitasie, pastorale begeleiding en induksieprogramme om kerkrade en ringsdiensrade te begelei en te bemagtig.

**Die volgende vrae kan oorweeg word na gelang van die situasie in die gemeente:**

- Het die gemeente behoefte aan 'n prediker alleen of

behoefte aan 'n pastor wat al die fasette van die bediening behartig?

- Kan die gemeente die voorkeur bedieningspatroon finansieel bybring en dit bekostig?
- Is dit koste effektief vir X aantal lidmate?
- Is die bediening wat in die vooruitsig gestel word volhoubaar of is dit dalk net vir 'n bepaalde tyd haalbaar?

**Die volgende moontlikhede kan, na gelang van die behoeftes in die gemeente, oorweeg word om die kerk se deure oop te hou:**

- ***Samewerking met 'n ander gemeente waar die koste van die leraar gedeel word. Gevolglik word sy tyd tussen die twee gemeentes dan ook pro rata verdeel. (In kombinasie met 'n ander gemeente soos in die Gereformeerde Kerke in SA en Deelsorg gemeentes van die Nederduits Hervormde Kerk in Afrika)***
- ***Samesmelting met 'n ander gemeente/gemeentes kan ondersoek word en die moontlikheid van 'n tweekop gemeente kan ondersoek word of as afstande dit toelaat, kan daar oor die eiendom van die klein gemeente beskik word en kan daar dan volledig by die ander gemeente ingeskakel word.***
- ***Dienste van 'n beskikbare leraar kan ingekoop word.***
- ***Die dienste van 'n emiritus leraar of dalk 'n tentmaker wat minder betaal kan word, kan bekom word.***
- ***Daar kan saamgewerk word met ander kerke ten opsigte van die gebruik van hulle fasiliteite met die oog op of besparing van koste of die generering van inkomste.***
- ***Die moontlikheid van betrokkenheid van 'n sterk vooggemeente kan ondersoek word.***
- ***Die dienste van 'n brugpredikant kan bekom word met die oog op analisering van behoeftes en voorbereiding vir 'n nuwe tydvak met 'n alternatiewe bedieningspatroon/bedeling in die gemeente.***
- ***Standplaasruiling waar die leraar van die ander gemeente***

***emeriteer en as 'n vaste termynleraar in die klein gemeente aangestel sou kon word.***

Hierdie is slegs konsepte wat aangevul, weggelaat of uitgebou kan word. Die opstel van 'n proforma aan die hand waarvan gesprekke by visitasie of ringsdiensrade se ondersoek gevoer kan word, kan in samewerking met Kerkreg uitgewerk word.